

**Skriflesing:** Esegïel 36:24-38

Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 3/4 paragraaf 14**

**Teks: Esegïel 36:26**

**Sing- Ps. 122:1; Ps. 27:6; Ps. 2:3; Ps. 134:4**

Die geloof is 'n gawe van God. Broeder en suster in Ef.2:8 staan dit- *8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God...* In

Filippense 1:29 word dit net so duidelik gestel- *29 omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly...* Wanneer ons lees dit is vir ons gegee dan is dit inderdaad 'n geskenk wat 'n mens ontvang het. Jy ontvang dit geheel en al verniet. Hoe duidelik staan dit in Filippense- **DIT IS AAN ONS GEGEE OM IN CHRISTUS TE GLO...** Ons belydenis stel hierdie gawe van alle kante- dit is aan die mens **geskenk**, dit is die mens **ingegee**, dit is die mens **ingestort**.

\*\*\*

Wanneer ons hierdie belydenis vooropstel dat die geloof deur God gegee word dan sal selfs Baptistiese en charismatiese gelowiges nie met ons op hierdie punt verskil nie. Hulle glo dat God gee die geloof, maar nou kom die verskil by wat ons rondom die uitverkiesing bely. Die charismatiese gelowige sal saam met my en jou sê dat God het my die geloof geskenk, maar terwyl hulle dieselfde sê, is dit nie dieselfde nie. Hierdie mense met hulle Remonstrantse wortels glo dat omdat die mens kon kies, die mens het reg kon kies, die mens het vir Jesus gekies en omdat ek as mens dan wel gekies het om in God te glo, daar het God my Syne gemaak. In aansluiting by vanoggend, die mens wat dan sy hart oopgemaak het toe die Here daaraan geklop het!

Daarom het God die wedergeboorte laat plaasvind wat my die nuwe lewe deelagtig maak. Volgens wat die Remonstrante ons leer is dat God aan alle mense die moontlikheid gee om te kan glo. Dit gee aan die mens 'n vrye wil om as hy/sy wil glo, dan kan hulle glo. Die keuse is joune. Hierdie vrye wil wat eintlik as vrye keuse na vore tree is dan God se aanbod aan jou as mens. God laat die keuse aan jou oor. Gaan jy dat wat God jou aanbied aanvaar of nie?

\*\*\*

Geliefdes, dit mag dalk so regverdig klink, so mooi, maar hier staan ons by die afgrond van afgronde. Wie se voet hier gly sal die dieptes van verwarring en dwaling nie kan peil nie. Dit gaan oor die verstaan van genade. Direk hiermee saam gaan dit oor wat beskou ons as gawe van God. Om van God se genade en van die geloof as gawe van God te praat, daarmee sal die Remonstrante sterk na vore wil tree en jou dit gou wysmaak dat God se gawes is ter sprake in die middele wat God jou gee wat vir jou geloof nodig is. Jy het as gawe die vermoë

ontvang om te glo en hierdie is volgens hulle 'n aanbod aan alle mense. As jy reg kies waarvoor jy die vermoë ontvang het, dan is God se genade eintlik net so 'n hupstootjie wat jou vorentoe help dat jy die mooi keuse wat jy nou wou maak tog ook net sal uitvoer. Jy moet net met God wil saamwerk.

\*\*\*

Geliefdes, hoe stel ons belydenis dit vanuit God se Woord. Is dit ons wat die keuse moet maak, wel kies reg dan sal God jou kies. Jou toekoms en jou saligheid, ja jou heil is in jou hande. Skep jou eie toekoms was selfs die Christelik-nasionale leuse wat ons volk in die hoogty van apartheid ons self mee wou inkleur. Terwyl dit nie gereformeerd is nie.

'n Gereformeerde wat uit die belydenis van Dordrecht, God se gawes en God se genade vooropstel sal op geen wyse aan sy eie vermoëns en keuses vashou nie. Ek sal nie my eie toekoms kan skep of uitwerk nie. Op geen manier nie! Wanneer ons die Dordtse Leerreëls met Esegieël 36 saamlees dan is God besig om my en jou hart te moet uitruk. Ons harte is harde harte, dit is eintlik soos klippe wat uit ons liggame uitgehaal moet word. Op geen manier kan ek as mens met my gawes en so bietjie hulp en genade van God my hart sagter maak nie. Nee, God doen eintlik 'n hartoorplanting- die mens van Art 14 Dordtse Leerreëls het op die einde 'n totaal nuwe hart ontvang. Luister mooi wat staan in Esegieël 36:26- *En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee...*

As God nie eerste optree nie, as God nie ingrypend en drasties sy wil in my wil ingee en instort nie, dan sal ons eie harte en ons eie wil verhard bly. Ons het nie die vermoë en selfs die keuse om onself met ons eie wil na God se wil te buig nie. God moet ons buig voor ons sal buig. Dit is hoe ons die Bybel lees, ook waar Jer. 31:33 ons eenvoudig laat glo- *Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees...* God vra nie ons toestemming of wil ons sy Wet in ons binneste hê nie. Dit gaan nie daaroor dat ek God toestemming moet verleen om op my en jou harte te skrywe nie. God stel dit as feit dat Hy wat God is, sal optree, ongeag wat ons daarvan dink of hoe ons dit aanvaar/ervaar. Jy sal wees wat God jou maak, ongeag jou keuse of jou twyfel.

Jesaja 65:1 staan dit selfs dat God sê - *1 Ek het My laat raadpleeg deur wie na My nie gevra het nie. Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie...* Broeder en suster, in die

Nuwe Testament is dit presies dieselfde. Die uitverkiesing is soos 'n klip waar jy jou of teen gaan stamp of die leer oor die uitverkiesing is soos 'n rots waarop God sy gebou laat staan. Ja, presies wat Christus vir ons is. Daarom wie in die leer oor die uitverkiesing waarlik sy vreugde en troos vind, het in Christus dit gevind. Sonder Christus stamp jy jou teen die leer van die uitverkiesing, maar jy stamp jou nie net teen die leer wat Christus ons leer nie, so 'n mens stamp hom/haar teen Christus Self. Christus sal vir die mens wees die rots van struikeling – dit wat Rom 9:33 ons openbaar- *Soos geskrywe is: Kyk, Ek lê in Sion 'n steen van aanstoot en 'n rots van struikeling; en elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.* Hiermee saam dan ook 1 Pet. 2:7- *Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen des aanstoots en 'n rots van struikeling –*

Ons kan maar net weer Hand 13:48 ook hiermee saamlees- *En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe.* Die Heilige Gees maak hierdie verordening werklik en duidelik. Die een wat begin glo is nie maar net soos een wat diep geslaap het en nou maar wakker gemaak word nie. Nee, die wedergeboorte waarna die vorige paragrawe verwys is inderdaad 'n opwekking uit die dood, dit is totale nuwe lewe wat geskep word, so een word 'n nuwe skepping.

\*\*\*

Daarom wanneer paragraaf 14 die gevolge van die wedergeboorte uit paragrawe 12 en 13 ons lewens inbring dan kom jy buite die graf van jou oue mens te staan. Die ou mens lê in die graf, begrawe, dood, daar moet 'n nuwe mens opstaan, ons wat dood is, moet opgewek word. Daarom dat die Kategismus in Sondag 25 dit eintlik so opreg kinderlik ons vra- **65 Vraag: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?** Antwoord: *Die Heilige Gees werk dit in ons harte deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente.*

Die Heilige Gees moet werk voor ons kan werk. Soos ons in paragraaf 11 al bely het. Die Heilige Gees open die geslote hart, Hy versag wat hard is, Hy besny wat onbesnede is. Die totale mens word omskep, herskep, jou en my wil word nuwe eienskappe ingestort, die wil wat dood was, word lewend, dit wat sleg was, goed, dit wat onwillig was, gewillig, die wat ongehoorsaam is, word gehoorsaam gemaak. Daarom moet ons die lyn vanaf paragraaf 11 saamvat as ons paragraaf 12 bely. Paragraaf 11 wat die werk van die Heilige Gees

vooropstel is by paragraaf 12 die wonderlike feit van die wedergeboorte. Hierdie onbeskryflike, heerlike groot daad wat God deur sy Heilige Gees uitvoer, dit wat die wedergeboorte genoem word, word in paragraaf 13 die brug na paragraaf 14. Paragraaf 13 wys op hoe ons al hierdie groot dinge wat ons probeer beskryf, beleef, as só groot moet sien, ons kan dit nie alles verstaan nie. Daar is baie dinge wat God doen, wat ons moet aanvaar ons kan dit nie uit onself God nadoen nie, ons kan dit in alle geval nie alles begryp nie. Dit bring paragraaf 14 by die punt van wat ons waarlik net kan glo. En dan glo ons nie omdat ons kon begin glo nie, maar God het ons die geloof geskenk, die geloof ingegee, die geloof ingestort.

Die wil om te glo, sowel as die geloof self kom net van Hom wat ons Here is. Hy bring dit tot stand, staan in ons belydenis. Die fyn lyn, ja iets van 'n skeidingslyn, tussen die gereformeerdes en die Remonstrante gaan oor wat geloof in sy totaliteit is. Die geloof in die volle sin van die woord is nie net dat God die wil gee om te glo nie, maar God Self **bewerk die geloof**. God doen dit volkome uit sy vrye welbehae. God is nie iets aan ons verskuldig nie.

Onthou ons is met ons hele wese van God vervreem en vyandig teenoor Sy wil. Ons slaap nie maar net sodat ons “wakker gemaak” moet word nie. Nee, ons is “dood” sodat ons “opgewek” moet word! Die mens se wil, wil (ná die sondeval) glad nie met God leef nie. Die HERE se geskenk vir Sy uitverkore kinders is so groot dat Hy jou wil verander maar dan ook in al die ander dele van ons mens-wees werk. Die laaste sin van paragraaf 14 wys duidelik daarop aan die hand van Fil. 2:13- Ons lees daar die volgende: *want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae*. Jy word so verander dat jy in Christus wil glo en Hom wil volg en dat jy ook regtig as 'n gelowige begin leef. Die HERE werk dit volledig en as jy rondom jou kyk sien jy dat Hy dit nie vir elke mens gee nie.

God se Woord is duidelik. In Eseg. 36 word gesê dat Hy letterlik die klip hart uit ons uithaal en 'n nuwe hart skenk. 'n Hart van “vlees.” 'n Hart wat Hom kan en wil ken. Vers 27 sê dat Hy Sy Gees in die mens gee en dat die Gees veroorsaak dat die mens met Hom lewe!! Deur Sy Gees in ons binneste te gee, hou Hy ons lewens op koers! Is dit nie WONDERBAAR nie. In Efes 2 sluit Paulus hierby aan en sê dat die Here ons uit die geestelike **dood** lewend maak saam met Christus (vers 5). Dit is wat die “genade” van God beteken (vers 5).

Dit alles beteken dat die Here se genade is *onoorwinlik* in die uitverkorenes se lewens. Omdat dit van *Hom* uitgaan. Van nature weerstaan alle mense, kragtens die sondeval, die genade van God. Die meeste weerstaan dit met sukses. Dink aan Israel se geskiedenis. Daar is duisende voorbeelde in die Bybel van mense wat die genade weerstaan het. Met sukses! Hoe kan ons dan volhou dat God se genade nie weerstaan kan word nie?? Dat dit onoorwinlik is? Dit mag dalk lyk of dit nie klop met die Bybel se getuienis nie. Onthou die Bybel getuig van die ongelowiges se weerstand teen die evangelie. Maar, wanneer God se genade uitgaan tot die uitverkorenes, is dit altyd suksesvol. Dan kom dieselfde mense wat te vore weerstand gebied het, tot geloof. Die genade wat tot die uitverkorenes uitgaan is **ALTYD** effektief. As dit nie so was nie, sou daar nooit enige gelowige op aarde gewees het nie. Want, as dit van die ongelowige se “vrye wil” moes afhang, sou niemand ooit tot geloof kom nie. God bewerk alles in almal wat glo. Daarom is u en my geloof wel ook goeie werke, maar dit is God se goeie werke, om te wil sowel as om te werk.

AMEN

**Paragraaf 14**

